

Hoofstuk van die dag: 1 Samuel 12

> *Ook ek sal nie teen die Here sondig deur op te hou om vir julle te bid nie. Ek sal julle aanhou onderrig in die goeie en reguit pad. (vers 23)*

Hierdie is veronderstel om Samuel se swanesang te wees.

Voortaan sou Saul hulle leier wees. Dit was vir Samuel ’n bitter pil, want hy het die volk se aandrang om ’n koning te hê, as verwerping beleef (1 Sam 8:7-8). Dit het vir hom gevoel hulle trek ’n streep deur sy hele bediening en alles waarvoor hy hom beywer het.
Hy het nie mense aan hom probeer vasbind nie, maar steeds in erkenning en afhanklikheid aan die Here geleef en gewerk. Hy het met eerbaarheid en integriteit leiding gegee, onkreukbaar in ’n tyd toe regters dikwels omgekoop is (vers3).
Dalk was of is jy in ’n soortgelyke situasie, waar dit vir jou voel of alles waarvoor jy staan, by die deur uitgegooi word. Dan is dit natuurlik dat ’n mens verwerp voel. Samuel wys ons dat ’n mens nie in jou teleurstelling dan jou rug op die mense moet draai nie. Dis wat Jesus ons geleer het: draai die ander wang, stap die tweede myl saam (Matt 5:30-40). Dis wat Hy gedoen het, selfs toe hulle Hom gekruisig het.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026